

Donderdag 14 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs
15:35-58 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs
15:58

Kyk na nou met 'n hemelse perspektief

Hier in 1 Korintiërs 15 skryf Paulus oor die opstanding van gelowiges uit die dood. En vanaf vers 35 spreek hy sekere besware of vrae aan wat mense kan hê oor die opstanding. Die kern hiervan kan 'n mens opsom as: Omdat ek nie sien hoe mense uit die doop opstaan nie, maar wel sien hoe mense oud word en siek word en dan doodgaan, kan ek nie of sukkel ek om te glo dat 'n ewige, heerlike lewe ná die dood moontlik is.

Maar Paulus se antwoord hierop gee vir ons perspektief op meer as net die opstanding uit die dood. Dit leer ons iets van ons hele lewe in die Here. En sy antwoord is basies: Moenie die dinge wat die Here sê en belowe, meet aan jou eie insig en verstaan van dinge nie. Die Here is tog tot oneindig meer in staat as ons, Hy het ons en die hele skepping gemaak, hoe kan Hy dan aan dieselfde beperkinge as ons gebonde wees?

Maar, hoewel Paulus hier dit duidelik maak dat die ewige lewe in die Here 'n werklikheid is, is dit nie nie sy finale fokus nie. Die werklikheid van ons lewe in Jesus Christus het ook 'n toepassing vir nou. Dis nie net dat ons wag vir eendag wanneer ons die ewige lewe het nie. Nee, die sekerheid van ons ewige lewe moet ons optrede nou al rig. En dit is, skryf Paulus in ons fokusgedeelte, dat ons met ywer en vertrou die Here moet gehoorsaam.

Die uiteinde is vas en seker, want dit is in die hande van die Here. Daarom ken ek my bestemming en ek is seker dat ek daar sal uitkom. En daarom kan ek my nou al toespits op wat regtig belangrik is. Om die Here te dien in die sekerheid dat ook die uiteinde daarvan in die hande van die Here is.

Sing Psalm 16-1:1, 4

Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)